Navrae
Enquiries E YOUNG
IMibuzo

Telefoon
Telephone 4036508
IFoni

Faks
Fax 419 5967
IFeksi

Verwysing
Reference 7/10/5/11
ISalathiso

PROVINSIALE ADMINISTRASIE WES-KAAP
**Onderwysdepartement**
PROVINCIAL ADMINISTRATION WESTERN CAPE
**Education Department**
ULAWULO LWEPHONDO INTSHONA KOLONI
**ISebe leMfundo**

Omsendminuut 0019/2000

AAN:

ALLE HOOFDIREKTEURE, DIREKTEURE, AREA EN KRINGBESTUURDERS, HOOFDE VAN ALLE ONDERWYSINRIGTINGS EN VAKADVISEURSDIENSTE

## REGISTRASIE MET DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN OPVOEDERS (SARO)

Dit is verpligtend vir alle opvoeders wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders 1998, aangestel is om by die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO) te registreer.

Dit blyk egter dat baie opvoeders nog nie aansoek gedoen het om registrasie by die Raad nie. 'n Dringende beroep word gevolglik op alle opvoeders gedoen om toe te sien dat hulle by die Raad geregistreer word.

Let asseblief op die volgende uittreksel uit 'n onlangse brief van die Hoof Uitvoerende Beampte van SARO aan die Wes-Kaap Onderwysdepartement:

> *Die Suid Afrikaanse Raad vir Opvoeders (SARO) wil opvoeders wat nog nie aansoek gedoen het om as lid van SARO geregistreer te word nie aanraai om dit onmiddellik te doen.*
>
> *SARO is van voorneme om die Minister te nader om 'n finale afsnydatum vir registrasie aan te kondig. Dit sal moontlik vroeg in die nuwe jaar geskied. Ongeregistreerde opvoeders sal beskou word as onwettig in diens te wees.*

Aansoekvorms is by die areakantore beskikbaar. Voltooide vorms (aansoek en persalnommer/magtiging vir aftrekking) moet gepos word aan SARO, Wesstraat 261, CENTURION, 0046, aangesien aansoeke per faks nie aanvaarbaar is nie. Fotokopieë van vorms is toelaatbaar.

U samewerking sal waardeer word.

nms. HOOF ONDERWYS:
DATUM: 1999-12-20.

MELD ASSEBLIEF VERWYSINGSNOMMERS IN ALLE KORRESPONDENSIE. / PLEASE QUOTE REFERENCE NUMBERS IN ALL CORRESPONDENCE.

PROJEK 166-GEBOU
HANS STRIJDOMLAAN 22
PRIVAATSAK X9114
KAAPSTAD 8000

PROJECT 166 BUILDING
22 HANS STRIJDOM AVE
PRIVATE BAG X9114
CAPE TOWN 8000